

**Dinsdag 12 Februarie**

<b>Skrifgedeelte: Numeri 13:1-24; Deuteronomium 1:21-23</b>	<b>Fokusgedeelte: Numeri 13:1-2</b>
---	-------------------------------------

### **Glo altyd God se beloftes**

God gee opdrag dat die volk die beloofde land in besit moet neem. Dat hulle twyfel in sy beloftes, word duidelik wanneer hulle Moses vra om eers die spioene te stuur (Deut. 1:21-23). Ten spyte van alles wat God alreeds vir hulle gedoen het, het hulle nog steeds nie geglo in sy beloftes nie. Het hulle dan enige rede gehad om te twyfel? Deur die geskiedenis het Hy dan nog net altyd bewys dat Hy betroubaar is. Hy het hulle uit Egipte bevry – die magtigste nasie met die sterkste weermag in daardie tyd. Hoekom dan nie nou nie? Daar was geen rede vir die volk om te twyfel nie.

Twyfel jy soms in sy beloftes? Wat van sy beloftes van versorging en voorsiening? Veral in die moeilike tye waarin ons leef is dit maklik om te vergeet dat Hy voorsien. Ons hoor van afleggings, brandstofprysverhogings, verhoging van die voedselpryse en dan nog die gevreesde grondonteiening. Hierdie en nog vele ander dinge kan ons soms vinnig ontstel.

God het egter belowe dat Hy vir ons alles sal gee wat ons liggaamlik en geestelik nodig sal hê vir hierdie lewe. Hy het reeds sy grootste en kosbaarste belofte in Christus Jesus vervul – die belofte van 'n Verlosser vir ons. In Hom het ons die volgende troos ontvang: alles wat jy nodig het in hierdie lewe, moet in sy Naam vra en die Vader sal dit vir jou gee.

Glo jy dit? Glo jy dat Hy vir jou kan en wil sorg? Laat Israel se voorbeeld dan vir ons 'n waarskuwing wees. Ons mag nie twyfel in enige van God se beloftes nie.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1*

*Ds. R Janse van Rensburg (Reghard) (Lindley/Reitz)*